

# OFFICIAL GAZETTE

EXTRAORDINARY  
OF SOUTH WEST AFRICA.

BUITENGEWONE

# OFFISIËLE KOERANT

GAWE OP GESAG.

VAN SUIDWES-AFRIKA.

PUBLISHED BY AUTHORITY.



Maandag, 28 Junie 1965

WINDHOEK

Monday, 28th June, 1965

No. 2643

## INHOUD

### GOEWERMENSKENNISGEWING:—

No. 105 Ordonnansies 1965: Uitvaardiging van . . .

## CONTENTS

Bladsy/Page

### GOVERNMENT NOTICE:

Ordinances, 1965: Promulgation of . . . 835

## Goewermentskennisgewing

## Government Notice

Die volgende Goewermentskennisgewing word vir  
algemene inligting gepubliseer.

J. J. KLOPPER,  
Waarnemende Sekretaris van Suidwes-Afrika.

Antwoord van die Administrateur,  
Windhoek.

The following Government Notice is published for  
general information.

J. J. KLOPPER,  
Acting Secretary for South West Africa.

Administrator's Office,  
Windhoek.

No. 105.] [28 Junie 1965. No. 105.]

[28th June, 1965.

### ORDONNANSIES, 1965: UITVAARDIGING VAN

Dit het die Administrateur behaag om sy goedkeuring  
te verleen, ooreenkomstig artikel *twéé-en-dertig* van „De  
Suidwes-Afrika Konstitusie Wet 1925” (Wet 42 van  
1925), aan die volgende Ordonnansies wat hiermee vir al-  
gemene inligting gepubliseer word, ooreenkomstig artikel  
*twéé-en-dertig* van gemelde Wet:—

| No.    | Titel                                                                             | Bladsy |
|--------|-----------------------------------------------------------------------------------|--------|
| No. 37 | Wysigingsordonnansie op Paaie 1965 .                                              | 836    |
| No. 38 | Wysigingsordonnansie op Padverkeer<br>1965 . . . . .                              | 840    |
| No. 39 | Wysigingsordonnansie op Wildtuine, Na-<br>tuurteuine en Private Wildreserwes 1965 | 850    |

### ORDINANCES, 1965: PROMULGATION OF

The Administrator has been pleased to assent, in  
terms of section *thirty-two* of the South West Africa  
Constitution Act, 1925 (Act 42 of 1925), to the following  
Ordinances which are hereby published for general infor-  
mation in terms of section *thirty-four* of the said Act:—

| Title                                                                                     | Page |
|-------------------------------------------------------------------------------------------|------|
| Roads Amendment Ordinance, 1965 . . . .                                                   | 837  |
| Road Traffic Amendment Ordinance, 1965 . .                                                | 841  |
| Game Parks, Nature Parks and Private Game Re-<br>serves Amendment Ordinance, 1965 . . . . | 851  |

No. 37 van 1965.]

**ORDONNANSIE**

Ter wysiging van die Ordonnansie op Paaie 1962.

(Goedgekeur 21 Junie 1965)

(Afrikaanse teks deur die Administrateur geteken)

Die Wetgewende Vergadering van die Gebied Suidwes-Afrika VERORDEN:—

Wysiging van  
artikel 2 van  
Ordonnansie 28 van  
1962.1. Artikel *twee* van die Ordonnansie op Paaie 1962 (Ordonnansie 28 van 1962) — hierna heet dit die hoofordonnansie — word hierby gewysig —

- (a) deur die woorde „en die regulasies daaringevolge opgestel” in die woordbepaling van „Afdeling Paaie” te vervang deur die woorde „en die regulasies daaringevolge afgekondig”;
- (b) deur na die woorde „artikel vyf” in die woordbepaling van „geproklameerde pad” die woorde „artikel agt” in te voeg;
- (c) deur na die woordbepaling van „grootpad” die volgende woordbepaling in te voeg en die daaropvolgende woordbepalings paslik te hernommer — „(ix) „hierdie Ordonnansie” ook die regulasies daaringevolge afgekondig; (xxi)”;
- (d) deur na die woordbepaling van „stedelike gebied” die volgende woordbepaling in te voeg:— „(xxii) „voertuig” ’n toestel ontwerp of ingerig hoofsaaklik om op wiele of rusperbande te loop maar sluit uit enige sodanige toestel (buiten ’n trem) wat net op spore beweeg; (xxiv)”.

Wysiging van  
artikel 7 van  
Ordonnansie 28 van  
1962.2. Artikel *sewe* van die hoofordonnansie word hierby gewysig deur die woorde „huurder of bewoner” na die woord „eienaar” in te voeg.Wysiging van  
artikel 9 van  
Ordonnansie 28 van  
1962.3. Artikel *nege* van die hoofordonnansie word hierby gewysig deur paragraaf (b) van die Afrikaanse teks te vervang deur die volgende paragraaf:—

- „(b) die regsgebied van ’n raad wat by hierdie artikel ingestel word, bepaal, uitbrei, wysig of beperk en so ’n raad ontbind of totaal afskaf by verstrekking van redes wat syns insiens voldoende is.”

Wysiging van  
artikel 10 van  
Ordonnansie 28 van  
1962.4. Artikel *tien* van die hoofordonnansie word hierby gewysig —

- (a) deur in paragraaf (a) van die Afrikaanse teks die woorde „veroordeel” en „grasie” te vervang deur die woorde „veroordeel” en „begenadiging” onderskeidelik;
- (b) deur in paragraaf (e) van die Engelse teks die woord „national” te vervang deur die woord „citizen”.

Wysiging van  
artikel 16 van  
Ordonnansie 28  
van 1962.5. Artikel *sestien* van die hoofordonnansie word hierby gewysig deur in paragraaf (c) die woorde „oor die regulasies wat daaruit voortvloei” te vervang deur die woorde „die regulasies daaringevolge afgekondig”.Wysiging van  
artikel 19 van  
Ordonnansie 28 van  
1962.6. Artikel *negentien* van die hoofordonnansie word hierby gewysig deur in paragraaf (d) van die Engelse teks die woord „Administration” te vervang deur die woord „administration”.Wysiging van  
artikel 22 van  
Ordonnansie 28 van  
1962.7. Artikel *twee-en-twintig* van die hoofordonnansie word hierby gewysig —

- (a) deur in paragraaf (a) van die Engelse teks die woord „to” waar dit die tweede keer voorkom, te skrap;
- (b) deur in paragraaf (b) van die Engelse teks die komma na die woord „occupier” te skrap;
- (c) deur aan die begin van paragraaf (c) van die Engelse teks die woord „to” in te voeg.

Wysiging van  
artikel 25 van  
Ordonnansie 28 van  
1962.8. Artikel *vyf-en-twintig* van die hoofordonnansie word hierby gewysig —

- (a) deur in paragraaf (b) van die Engelse teks die woord „pond” te vervang deur die woord „pont”;

No. 37 of 1965.]

# ORDINANCE

To amend the Roads Ordinance, 1962.

(Assented to 21st June, 1965)  
(Afrikaans text signed by the Administrator)

BE IT ORDAINED by the Legislative Assembly for the Territory of South West Africa as follows:—

1. Section *two* of the Roads Ordinance, 1962 (Ordinance 28 of 1962) — hereinafter called the principal ordinance — is hereby amended —

Amendment of section 2 of Ordinance 28 of 1962.

- (a) by the substitution of the words “and the regulations promulgated thereunder” for the words “and the regulations framed thereunder” appearing in the definition of “Roads Branch”;
- (b) by the insertion of the words “section *eight*” after the words “section *five*” in the definition of “proclaimed road”;
- (c) by the insertion after the definition of “roadway” of the following definition and the appropriate renumbering of the definitions following thereon:—  
“(xxi) ‘this ordinance’ includes the regulations promulgated thereunder; (ix)”;
- (d) by the insertion of the following definition after the definition of “urban area”:—  
“(xxiv) ‘vehicle’ means a device designed or adapted mainly to run on wheels or tracks but excludes any device (except a tram) which moves only on rails; (xxii)”.

2. Section *seven* of the principal ordinance is hereby amended by the insertion of the words “lessee or occupier” after the word “owner”.

Amendment of section 7 of Ordinance 28 of 1962.

3. Section *nine* of the principal ordinance is hereby amended by the substitution for paragraph (b) of the Afrikaans text of the following paragraph:—

Amendment of section 9 of Ordinance 28 of 1962.

“(b) die regsgebied van ’n raad wat by hierdie artikel ingestel word, bepaal, uitbrei, wysig of beperk en so ’n raad ontbind of totaal afskaf by verstreking van redes wat syns insiens voldoende is.”

4. Section *ten* of the principal ordinance is hereby amended —

Amendment of section 10 of Ordinance 28 of 1962.

- (a) by the substitution of the words “veroordeel” and “begenadiging” for the words “veroordeel” and “grasie” respectively in paragraph (a) of the Afrikaans text;
- (b) by the substitution of the word “citizen” for the word “national” in paragraph (e) of the English text.

5. Section *sixteen* of the principal ordinance is hereby amended by the substitution of the words “the regulations promulgated thereunder” for the words “the regulations framed thereunder” in paragraph (c).

Amendment of section 16 of Ordinance 28 of 1962.

6. Section *nineteen* of the principal ordinance is hereby amended by the substitution of the word “administration” for the word „Administration” in paragraph (d) of the English text.

Amendment of section 19 of Ordinance 28 of 1962.

7. Section *twenty-two* of the principal ordinance is hereby amended —

Amendment of section 22 of Ordinance 28 of 1962.

- (a) by the deletion in paragraph (a) of the English text of the word “to” where it appears for the second time;
- (b) by the deletion in paragraph (b) of the English text of the comma after the word “occupier”;
- (c) by the insertion at the beginning of paragraph (c) of the English text of the word “to”.

8. Section *twenty-five* of the principal ordinance is hereby amended —

Amendment of section 25 of Ordinance 28 of 1962.

- (a) by the substitution of the word ‘pont’ for the word “pond” in paragraph (b) of the English text;

- (b) deur in paragraaf (c) van die Engelse teks die woord „thing” te vervang deur die woord „think”.

Wysiging van  
artikel 26 van  
Ordonnansie 28 van  
1962.

9. Artikel *ses-en-twintig* van die hoofordonnansie word hierby gewysig —

- (a) deur aan die begin van subartikel (4) van die Engelse teks die woord „If” in te voeg;  
(b) deur subartikel (7) te vervang deur die volgende subartikel:—

„(7) So 'n kommissie moet ingaan op die voorstel en die besware daarteen en moet desnoods die betrokke plekke besoek en getuienis afneem en moet so gou doenlik sy skriftelike verslag verstrek aan die Hoof Paaie-Ingenieur vir voorlegging aan die Administrateur, wat na goeddunke 'n bevel dienaangaande kan uitreik.”

Wysiging van  
artikel 28 van  
Ordonnansie 28 van  
1962.

10. Artikel *agt-en-twintig* van die hoofordonnansie word hierby gewysig deur in die Engelse teks die woorde „upon such conditions as he may prescribe” te vervang deur die woorde „on such conditions as he may deem fit”.

Wysiging van  
artikel 29 van  
Ordonnansie 28  
van 1962.

11. Artikel *nege-en-twintig* van die hoofordonnansie word hierby gewysig deur in subartikel (4) van die Engelse teks die woorde „he may determine in each case” te vervang deur die woorde „determined by him in each case”.

Wysiging van  
artikel 30 van  
Ordonnansie 28 van  
1962.

12. Artikel *dertig* van die hoofordonnansie word hierby gewysig deur in subartikel (3) van die Engelse teks die woorde „remove and destroy, without notice,” te vervang deur die woorde „cause the destruction and removal, without notice, of”.

Wysiging van  
artikel 41 van  
Ordonnansie 28  
van 1962, soos  
gewysig by artikel  
3 van Ordonnansie  
16 van 1963.

13. Artikel *een-en-veertig* van die hoofordonnansie word hierby gewysig deur in subartikel (3) die woorde „na goeddunke tot sodanige afkamping bydra” te vervang deur die woorde „vergoeding betaal vir die uitkakeling van sodanige motorroosterhekke”.

Wysiging van  
artikel 43 van  
Ordonnansie 28 van  
1962 soos gewysig  
by artikel 5 van  
Ordonnansie 16  
van 1963.

14. Artikel *drie-en-veertig* van die hoofordonnansie word hierby gewysig deur in die Engelse teks die woord „to” waar dit die laaste keer voorkom, te vervang deur die woord „so”.

Wysiging van  
artikel 45 van  
Ordonnansie 28  
van 1962.

15. Artikel *vyf-en-veertig* van die hoofordonnansie word hierby gewysig deur in paragraaf (e) van subartikel (1) van die Afrikaanse teks die woord „enigings” te vervang deur die woord „enigsins”.

Wysiging van  
artikel 46 van  
Ordonnansie 28  
van 1963.

16. Artikel *ses-en-veertig* van die hoofordonnansie word hierby gewysig deur in subartikel (2) van die Engelse teks die woord „maintained” te vervang deur die woord „maintain”.

Wysiging van  
artikel 57 van  
Ordonnansie 28  
van 1962.

17. Artikel *sewe-en-vyftig* van die hoofordonnansie word hierby gewysig deur in die Engelse teks die woord „under” te vervang deur die woorde „in pursuance of”.

Skrapping en  
vervanging van  
sekere uitdrukkinge  
en woorde in  
Ordonnansie 28 van  
1962.

18. Die hoofordonnansie word hierby gewysig deur die woorde „met of sonder dwangarbeid” oral waar hulle voorkom te skrap en die woorde „ondernemer” en „ondernemers” oral waar hulle in die Afrikaanse teks voorkom te vervang deur die woorde „kontrakteur” en „kontrakteurs” onderskeidelik.

Kort titel.

19. Hierdie ordonnansie heet die Wysigingsordonnansie op Paaie 1965.

- (b) by the substitution of the word "think" for the word "thing" in paragraph (c) of the English text.

9. Section *twenty-six* of the principal ordinance is hereby amended —

Amendment of section 26 of Ordinance 28 of 1962.

- (a) by the insertion at the beginning of sub-section (4) of the English text of the word "If";
- (b) by the substitution of the following sub-section for sub-section (7):—

"(7) Such a commission shall investigate the proposal and any objections thereto, and if necessary inspect the relevant locality and take evidence, and shall with the least possible delay furnish the Chief Roads Engineer with its written report for submission to the Administrator who may make such order in connection therewith as he deems fit."

10. Section *twenty-eight* of the principal ordinance is hereby amended by the substitution of the words "on such conditions as he may deem fit" for the words "upon such conditions as he may prescribe" appearing in the English text.

Amendment of section 28 of Ordinance 28 of 1962.

11. Section *twenty-nine* of the principal ordinance is hereby amended by the substitution of the words "determined by him in each case" for the words "he may determine in each case" appearing in sub-section (4) of the English text.

Amendment of section 29 of Ordinance 28 of 1962.

12. Section *thirty* of the principal ordinance is hereby amended by the substitution of the words "cause the destruction and removal, without notice, of" for the words "remove and destroy, without notice," appearing in sub-section (3) of the English text.

Amendment of section 30 of Ordinance 28 of 1962.

13. Section *forty-one* of the principal ordinance is hereby amended by the substitution of the words "pay compensation for the elimination of such motor grid gates" for the words "in his discretion contribute towards such fencing" appearing in sub-section (3).

Amendment of section 41 of Ordinance 28 of 1962, as amended by section 3 of Ordinance 16 of 1963.

14. Section *forty-three* of the principal ordinance is hereby amended by the substitution of the word "so" for the word "to" where it appears for the last time in the English text.

Amendment of section 43 of Ordinance 28 of 1962, as amended by section 5 of Ordinance 16 of 1963.

15. Section *forty-five* of the principal ordinance is hereby amended by the substitution of the word "enig-sins" for the word "enigings" in paragraph (e) of sub-section (1) of the Afrikaans text.

Amendment of section 45 of Ordinance 28 of 1962.

16. Section *forty-six* of the principal ordinance is hereby amended by the substitution of the word "maintain" for the word "maintained" in sub-section (2) of the English text.

Amendment of section 46 of Ordinance 28 of 1962.

17. Section *fifty-seven* of the principal ordinance is hereby amended by the substitution of the words "in pursuance of" for the word "under" in the English text.

Amendment of section 57 of Ordinance 28 of 1962.

18. The principal ordinance is hereby amended by the deletion of the words "with or without hard labour" wherever they appear and the substitution in the Afrikaans text of the words "kontrakteur" and "kontrakteurs" for the words "ondernemer" and "ondernemers" respectively, wherever they appear.

Deletion and substitution of certain expressions and words in Ordinance 28 of 1962.

19. This Ordinance shall be called the Roads Amendment Ordinance, 1965.

Short title.

No. 38 van 1965.]

**ORDONNANSIE**

Ter wysiging van die wet op padverkeer.

(Goedgekeur 21 Junie 1965)  
 (Afrikaanse teks deur die Administrateur geteken)

Die Wetgewende Vergadering van die Gebied Suidwes-Afrika VERORDEN:

Wysiging van  
 artikel 1 van  
 Ordonnansie  
 21 van 1961.

1. Artikel een van die Padverkeersordonnansie 1961 (Ordonnansie 21 van 1961) — hierna heet dit die hoofordonnansie — word hierby gewysig —

- (a) deur voor die woordbepaling van „Administrateur” die volgende woordbepaling in te voeg:
- „aanskaffing” met betrekking tot ’n voertuig —
- (i) in die geval van die koper of huurder kragtens ’n ooreenkoms waarna in die woordbepaling van „eienaar” verwys word, die aanvang van sy reg om die voertuig te gebruik; en
- (ii) in die geval van die verkoper of verhuurder kragtens ’n ooreenkoms waarna in die woordbepaling van „eienaar” verwys word, die aanvang van die reg onderskeidelik van die koper of huurder om die voertuig te gebruik; en het „aanskaf” ’n ooreenstemmende betekenis.
- (b) deur voor die woordbepaling van „brug” die volgende woordbepaling in te voeg: —
- „beskikking” met betrekking tot ’n voertuig —
- (i) in die geval van die koper of huurder kragtens ’n ooreenkoms waarna in die woordbepaling van „eienaar” verwys word, die beëindiging van die reg om die voertuig te gebruik; en
- (ii) in die geval van die verkoper of verhuurder kragtens ’n ooreenkoms waarna in die woordbepaling van „eienaar” verwys word, die aanvang van die reg onderskeidelik van die koper of huurder om die voertuig te gebruik; en het „van die hand sit” ’n ooreenstemmende betekenis;
- (c) deur die woordbepaling van „eienaar” deur die volgende woordbepaling te vervang:—
- „eienaar” met betrekking tot ’n voertuig —
- (i) ’n gesamentlike of gedeeltelike eienaar van sodanige voertuig; en
- (ii) iemand wat die reg het om sodanige voertuig te gebruik kragtens ’n huurkoop- of opskortverkoop-ooreenkoms, of kragtens ’n huurooreenkoms wat voorsiening maak vir die huur van sodanige voertuig vir ’n tydperk van minstens twaalf maande, maar omvat nie die verkoper of verhuurder kragtens enige sodanige ooreenkoms nie; en het „eiendom” ’n ooreenstemmende betekenis;”;
- (d) deur die woordbepaling van „motorvoertuighandelaar” deur die volgende woordbepaling te vervang:
- „motorvoertuighandelaar” enige persoon wat sake doen in verband met die vervaardiging, koop, verkoop, herstel of ruil van motorvoertuie van ’n soort wat kragtens hierdie ordonnansie geregistreer en gelisensieer moet word en enige persoon wat sake doen in verband met die bou van die bakke van sodanige motorvoertuie, op voorwaarde dat so iemand behoorlik gelisensieer is om dit te doen kragtens die Konsolidasie Ordonnansie betreffende Lisensies 1935 (Ordonnansie 13 van 1935) en sy saak dryf op gevestigde persele in die Gebied;”;
- (e) deur die woordbepaling van „sleepwa” deur die volgende woordbepaling te vervang:—
- „sleepwa” ’n voertuig sonder dryfkrag wat getrek word of bedoel is om getrek te word deur ’n motorvoertuig maar omvat nie ’n syspanwa of soortgelyke struktuur wat aan ’n motorfiets geheg is of bedoel is om daaraan geheg te wees nie.”’.

No. 38 of 1965.]

## ORDINANCE

To amend the law relating to road traffic.

(Assented to 21st June, 1965)  
(Afrikaans text signed by the Administrator.)

BE IT ORDAINED by the Legislative Assembly for the Territory of South West Africa as follows:—

1. Section one of the Road Traffic Ordinance, 1961 (Ordinance 21 of 1961) — hereinafter called the principal ordinance — is hereby amended —

Amendment of  
section 1 of  
Ordinance 21 of  
1961.

- (a) by the insertion before the definition of "Administrator" of the following definition:—

"acquisition" includes in relation to a vehicle —

- (i) in the case of the buyer or lessee under an agreement referred to in the definition of "owner", the commencement of his right to use the vehicle, and
- (ii) in the case of the seller or lessor under an agreement referred to in the definition of "owner", the commencement of the right of the buyer or lessee respectively to use the vehicle; "acquire" has a corresponding meaning;";

- (b) by the insertion after the definition of "direction indicator" of the following definition:—

"disposal" includes in relation to a vehicle —

- (i) in the case of the buyer or lessee under an agreement referred to in the definition of "owner" the cessation of the right to use the vehicle; and
- (ii) in the case of the seller or lessor under an agreement referred to in the definition of "owner", the commencement of the right of the buyer or lessee respectively to use the vehicle; and "dispose" has a corresponding meaning;";

- (c) by the substitution for the definition of "owner" of the following definition:—

"owner" in relation to a vehicle includes —

- (i) a joint or part owner of that vehicle;
  - (ii) a person who has the right to use that vehicle by virtue of a hire-purchase or suspensive sale agreement or by virtue of an agreement of hire providing for the hiring of such vehicle for a period of not less than twelve months, but shall not include the seller or lessor under any such agreement;
- and "own" has a corresponding meaning;";

- (d) by the substitution for the definition of "motor vehicle dealer" of the following definition:—

"motor vehicle dealer" means any person engaged in the business of manufacturing, buying, selling, repairing or exchanging motor vehicles of a class required to be registered and licensed under this Ordinance and includes any person engaged in the business of building the bodies of such motor vehicles, on condition that such person is duly licensed to do so under the Licenses Consolidation Ordinance, 1935 (Ordinance 13 of 1935) and conducts his business on established premises in the Territory;"; and

- (e) by the substitution for the definition of "trailer" of the following definition:—

"trailer" means a vehicle without motive power which is drawn or intended to be drawn by a motor vehicle, but does not include a side car or similar structure attached or intended to be attached to a motor cycle;".

Wysiging van  
artikel 9 van  
Ordonnansie 21 van  
1961 soos gewysig  
by artikel 2 van  
Ordonnansie 14 van  
1962.

## 2. Artikel *nege* van die hoofordonnansie word hierby gewysig —

(a) deur aan die end van subartikel (5) die volgende voorbehoudsbepalings in te voeg:—

„Met dien verstande dat —

- (i) die nommer „nul” nie aan enige motorvoertuig toegeken mag word nie; en
- (ii) as die aansoek deur ’n motorvoertuighandelaar om die registrasie van ’n motorvoertuig op sy eie naam of op die naam van sy saak nie van ’n padwaardigheidsertifikaat vergesel is nie, die registrateur, ondanks die vereistes van subartikel (4), sodanige motorvoertuig op voormelde wyse moet registreer en ’n lisensie ten opsigte daarvan moet uitreik maar die lisensiebewys moet teruggehou word totdat ’n padwaarheidsertifikaat ten opsigte van sodanige voertuig aan hom oorhandig word of totdat sodanige motorvoertuighandelaar hom van ’n beëdigde verklaring voorsien ten effekte dat sodanige motorvoertuig verkoop is.”;

(b) deur na subartikel (8) die volgende subartikel in te voeg:—

„(9) (a) ’n Huurder kragtens ’n ooreenkoms vermeld in die woordbepaling van „eienaar” vervat in paragraaf (c) van artikel *een* wat op die datum van inwerkingtreding van gemelde woordbepaling, bloot weens die inwerkingtreding van genoemde woordbepaling die eienaar van ’n motorvoertuig word —

- (i) word sover dit hierdie artikel en artikel *vyftien* betref, geag sodanige motorvoertuig op voormelde datum aan te geskaf het;
- (ii) word ten opsigte van genoemde motorvoertuig vrygestel van die bepalinge van subartikel (4) van hierdie artikel en subartikel (7) van artikel *vyftien*;
- (iii) moet aansoek om die registrasie van genoemde motorvoertuig op sy naam die registrateur in kennis stel dat hy op voormelde wyse eienaar geword het en moet, indien die registrateur dit vereis, dokumente ter staving daarvan voorlê; en
- (iv) stel hom, indien die motorvoertuig vir die vorige jaar geregistreer en gelisensieer was, nie bloot aan vervolging weens die gebruik van ’n ongeregistreerde of ongelisensieerde motorvoertuig op ’n publieke pad nie tot verstryking van die tydperk waarin die motorvoertuig ingevolge subartikel (1) van hierdie artikel op sy naam gelisensieer en geregistreer moet word.

(b) ’n Persoon vermeld in paragraaf (a) van hierdie subartikel wat die eienaar word van ’n motorvoertuig wat geregistreer is, moet, by aansoek om registrasie daarvan op sy naam, die registrateur in kennis stel van die registrasiemerk en nommer van die motorvoertuig en die registrateur moet daarna genoemde registrasiemerk en nommer vir die motorvoertuig behou: Met dien verstande dat as die aansoeker nie permanent woon in die gebied van die registrateur waar die motorvoertuig voorheen geregistreer is nie, of nie die motorvoertuig in of hoofsaaklik in genoemde gebied gebruik of voornemens is om dit daarin of hoofsaaklik daarin te gebruik nie, die registrateur wat die aansoek ontvang ’n nuwe registrasiemerk en ’n nuwe nommer aan die betrokke motorvoertuig moet toewys en die registrateur by wie se kantoor die motorvoertuig voorheen geregistreer is, van sodanige feit in kennis moet stel.”.

Wysiging van  
artikel 27 van  
Ordonnansie 21 van  
1961.

## 3. Artikel *sewe-en-twintig* van die hoofordonnansie word hierby gewysig deur die woorde „invoer, besit of verkoop” deur die woorde „invoer of verkoop of wat sy eiendom is” te vervang.

Wysiging van  
artikel 41 van  
Ordonnansie 21 van  
1961.

## 4. Artikel *een-en-veertig* van die hoofordonnansie word hierby gewysig deur subartikel (1) te skrap.

Wysiging van  
artikel 47 van  
Ordonnansie 21 van  
1961.

## 5. Artikel *sewe-en-veertig* van die hoofordonnansie word hierby gewysig deur subartikel (1) deur die volgende subartikel te vervang:—

„(1) Bestuurderslisensies of leerlinglisensies word ten opsigte van die volgende klasse motorvoertuie uitgereik:—

2. Section *nine* of the principal ordinance is hereby amended —

Amendment of section 9 of Ordinance 21 of 1961 as amended by section 2 of Ordinance 14 of 1962.

- (a) by the insertion at the end of sub-section (5) of the following provisos:—

“Provided that —

- (i) the number “nought” shall not be allotted to any motor vehicle; and
- (ii) if the application by a motor vehicle dealer for the registration of a motor vehicle in his own name or the name of his business is not accompanied by a certificate of roadworthiness the registrar shall notwithstanding the requirements of sub-section (4), in the manner aforesaid register such motor vehicle and issue a licence in respect thereof but shall retain the clearance certificate until a certificate of roadworthiness in respect of such vehicle is delivered to him or until such motor vehicle dealer furnishes him with a sworn statement to the effect that such motor vehicles has been sold.”;

- (b) by the insertion of the following sub-section after sub-section (8):—

“(9) (a) A lessee under an agreement mentioned in the definition of “owner” contained in paragraph (c) of section *one* who on the date of the coming into operation of the said definition, merely by reason of the coming into operation of that definition, becomes the owner of a vehicle shall —

- (i) be deemed for the purposes of this section and of section *fifteen* to have acquired that motor vehicle on the aforesaid date;
- (ii) in respect of that motor vehicle be exempt from the provisions of sub-section (4) of this section and sub-section (7) of section *fifteen*;
- (iii) in applying for the registration in his name of that motor vehicle notify the registrar that he has become the owner in the aforesaid manner and shall, if the registrar requires it, submit documents in proof thereof; and
